higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

12 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (voorheen die Departement van Veiligheid en Sekuriteit) bied die volgende basiese dienste aan:

A Finansiële en verwante dienste
B Toerisme en verwante dienste
C Sekuriteit en verwante dienste
D Opvoeding en verwante dienste

1.2 Die rondtrek van antieke/eertydse mense op soek na weiveld vir hul diere:

A Mak diere/huisdiere
B Nomadies
C Handel
D Tem

1.3 Die hoogste vlak van regering in Suid-Afrika:

A Provinsiale sfeer
B Plaaslike sfeer
C Munisipale sfeer
D Nasionale sfeer

1.4 Die regte op menslike waardigheid, gelykheid en vryheid:

A Basiese menseregte
B Ekonomiese vryheid
C Tenderregte
D Kommissie van ondersoek

1.5 NIE 'n staatsorgaan nie:

A Telkom
B Eskom
C Rand Water
D Shoprite

Kopiereg voorbehou

1.6 Tradisionele leierskap wat deur familiebande geërf word:

A Statutêr
B Basies
C Erflik/oorgeërf/hereditêr
D Modern

1.7 Die huidige koning van die Zoeloe etniese groep in Suid-Afrika:

A Koning Mswati
B Koning Zwelithini
C Koning George
D Koning Dalindyebo

1.8 Een van die rolle en funksies van tradisionele rade:

A Bevordering van die ideale van samewerkende/koöperatiewe bestuur
B Bestuur van individuele maandelikse inkomste
C Genieting van die voordele van demokrasie
D Voorskryf aan die tradisionele gemeenskappe

1.9 Die belangrikheid van interregeringsverhoudings/tussenregeringsverhoudings:

A Die identifisering van tenderrade
B Die eliminasie/uitskakeling van opposisieleiers
C Die versekering van 'n toereikende voorraad steenkool
D Die bevordering van samewerking

1.10 Die hoogste kategorie van interregeringstrukture/tussenregeringstrukture:

A Munisipale interregeringsforum
B Nasionale interregeringsforum
C Provinsiale interregeringsforum
D Die President se Koördinerende Raad (Engels: Coordinating Council)

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Staatsbestuur is die manier waarop die regering bestuur word.

2.2 Enige plaaslikeregeringstruktuur kan wysingings aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, aanbring.

2.3 Die oppergesag van die reg beteken dat alle besluite wat deur die regering geneem word op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, gebaseer moet wees.

2.4 Statutêre tradisionele leierskapstrukture word deur wetgewing voorgeskryf/bepaal.

2.5 Die Nasionale Vergadering bestaan slegs uit die lede van die regerende party in Suid-Afrika.

2.6 Senior tradisionele leiers doen verslag/is verantwoordelik aan die hoofmanne en/of -vroue in tradisionele gemeenskappe.

2.7 'n Munisipale raad moet 'n lid van sy uitvoerende raad as burgemeester verkies.

2.8 Die Onafhanklike Verkiesingskommissie word nie deur enige Wet van die Parlement beheer nie.

2.9 Die plaaslike regeringsfere is die verskillende regeringsafdelings wat op 'n nasionale vlak funksioneer.

2.10 Demokrasie impliseer regering deur die mense en verseker politieke gelykheid.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Tradisionele Raad	A	iemand wat hul land amptelik verteenwoordig in 'n vreemde land
3.2	NRP	B	iemand wat in 'n posisie/pos is as gevolg van oorerwing of van geboorte
3.3	Intraregeringsverhoudinge	C	'n stelsel met grade van gesag of status van die laagste tot die hoogste
3.4	Diplomaat	D	staatsorgane soos Eskom en Telkom
3.5	Metropolitaanse stad	E	verantwoordelik vir die verkiesing van die President van Suid-Afrika
3.6	Erflik/oorgeërf/hereditêr	F	statutêre liggaam wat vir elke tradisionele gemeenskap daargestel word
3.7	Hiërargies	G	sektorpolisiëringsmetode
3.8	Die Speaker	H	Nasionale Raad van Provinsies
3.9	Plaaslike regering	I	bestaan uit munisipaliteite van 'n gegewe streek in die Republiek van Suid-Afrika
3.10	Die Nasionale Vergadering	J	verseker die reg op vryheid van spraak en opinie op 'n demokratiese manier
		K	Nelson Mandela Baai
		L	interne verhoudinge van regeringsinstansies

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Definieer *staatsorgaan.* (6)

4.2 Noem VIER van die belangrikste staatsorgane in die kategorie "maatskappye in staatsbesit", wat onder die aantygings van "staatskaping" ondersoek word. (4)

4.3 Verduidelik wie die munisipale bestuurder is deur ook na sy/haar funksie in 'n munisipaliteit te verwys. (6)

4.4 'n Demokratiese regering word deur historiese ervarings beïnvloed.

Wat is die VIER hoofgrondslae/hoofbeginsels (Engels: main principles) van 'n demokratiese gemeenskap? (4)
[20]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen 'n *munisipale raad* en 'n *munisipaliteit.* (10)

5.2 Bespreek artikel 41 van die Grondwet, 1996, wat betref die verhouding tussen polisiëringsagentskappe/wetstoepassingsagentskappe (Engels: law enforcement agencies) in 'n gemeenskap. (5)

5.3 Volgens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, mag die President onder sekere omstandighede uit sy/haar amp verwyder word.

Noem en bespreek hierdie omstandighede, met verwysing na die stelling hier bo. (5)
[20]

VRAAG 6

Lees die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

ALLE staatsorgane moet met ander staatsbestuurinstansies/regeringsinstansies saamwerk om Suid-Afrika verder te help ontwikkel. Dit staan bekend as koöperatiewe/saamwerkende staatsbestuur.

6.1 Verduidelik wat die interregeringsverhoudingsraamwerk is. (4)

6.2 Watter funksies moet ALLE staatsorgane uitvoer om 'n koöperatiewe/same-werkende regering te verseker? (6)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 Bespreek die grondwetlike bepalings rakende die wetgewende magte en funksies van 'n munisipale raad, ingevolge artikel 151(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. (10)

7.2 Bespreek die magte en funksies van 'n provinsiale wetgewer/provinsiale wetgewende liggaam. (10)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou